Laaste Wil en Testament

van

Wilhelm Lodewyk Legrange die Vyfde

Ek, die ondergetekende, verklaar die volgende as my laaste wil en testament:

1. Aan Lucinda, my dogter, wat na daai plek Pretoria toe getrek het en nou meestal blou dra en soos ´n bees aantrek, aan Lucinda: Ek los vir jou my kompas, mag dit jou help om beter rigting in die lewe te kies.

2. Aan my neef Danie, wat so lief was daarvoor om sy Sharks trui te dra, en wat altyd by my huis welkom was behalwe deur die week en oor naweke, aan Danie: Aangesien jy so baie van vis hou, los ek vir jou ´n blikkie tuna.

3. Aan my broer Neels wat nou in Bloem bly, en wat so graag ´n regte Cheetah wou hê as ´n troeteldier, aan Neels: Hallo Neels.

4. Aan my 5-jarige susterskind Schalkie, wat ek nog nooit ontmoet het nie, maar wat volgens sy ma weier om sy Vodacom Westelike Provinsie trui uit te trek, selfs gedurende badtyd, aan Schalkie: Ek los vir jou al my eiendom, insluitende die wynplaas in Stellenbosch, die Porsche, die seiljag en my versameling getekende Vodacom Westelike Provinsie rugbytruie.

Wllegrange.....
TESTATEUR

AS GETUIES:

1 .....

2 .....